

Skriflesing: Psalm 32; Mattheus 26:31-46

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 3,4,5**

Teks: **Mattheus 26:33-35**

Sing- **Ps. 89:17; Ps. 6:2; Ps. 19:7**

Psalm 32

Psa 32:1 'n Psalm van Dawid; 'n onderwysing. Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.

Psa 32:2 Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie.

Psa 32:3 Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag;

Psa 32:4 want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed. Sela.

Psa 32:5 My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela.

Psa 32:6 Daarom sal elke vrome U aanbid in 'n tyd as U te vinde is; ja, by 'n oorstroming van groot waters sal hulle nie aan hom raak nie.

Psa 32:7 U is 'n skuilplek vir my; U bewaar my vir benoudheid; U omring my met vrolike gesange van bevryding. Sela.

Psa 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

Psa 32:9 Wees nie soos 'n perd, soos 'n muiesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie.

Psa 32:10 Die goddelose het baie smarte, maar hy wat op die HERE vertrou—met goedertierenheid sal Hy hom omring.

Psa 32:11 Wees bly in die HERE en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!

Matt.:26:31-46

Mat 26:31 Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word.

Mat 26:32 Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galiléa gaan.

Mat 26:33 Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie.

Mat 26:34 Jesus sê vir hom: Voorwaar Ek sê vir jou, in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy My drie maal verloën.

Mat 26:35 Petrus sê vir Hom: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die dissipels gesê.

Mat 26:36 Toe kom Jesus met hulle in 'n plek met die naam van Getsémané, en Hy sê vir die dissipels: Sit hier onderwyl Ek daar gaan bid.

Mat 26:37 En Hy neem Petrus en die twee seuns van Sebedéüs saam en begin bedroef en benoud word.

Mat 26:38 Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.

Mat 26:39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Mat 26:40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?

Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Mat 26:42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.

Mat 26:43 Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar.

Mat 26:44 En Hy het hulle met rus gelaat en weer vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê.

Mat 26:45 Daarop kom Hy by sy dissipels en sê vir hulle: Slaap maar voort en rus. Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondears.

Mat 26:46 Staan op, laat ons gaan; kyk, hy is naby wat My verraaï.

Dordtse Leerreëls Paragraaf 3,4,5

3. Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan kan die bekeerdes nie in hierdie genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bekragtig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig daarin bewaar.

4. Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bekragtig en bewaar, is so groot dat dit nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei kan word en dit navolg nie. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid om nie in versoekings gelei te word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot swaar en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit.

5. Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik, verdien hulle die dood, bedroef hulle die Heilige Gees, versteur hulle die oefening in die geloof, verwond hulle die gewete baie ernstig en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dit gebeur totdat God weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hulle laat skyn wanneer hulle deur opregte berou op die regte pad terugkeer.

Skriflesing: Psalm 32; Matteus 26:31-46

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 3,4,5**

Teks: **Mattheus 26:33-35**

Sing- Ps. 89:17; Ps. 6:2; Ps. 19:7

Geliefde broeder en suster- as u die volgende hoor, wat sal u daarvan sê? ***God gee die***

gelowige wel genoeg krag om te volhard en is bereid om dit in hom te bewaar, mits die

mens sy plig doen. Al is alles wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil

gebruik om die geloof te bewaar, ook in werking gestel, dan nog hang dit altyd van die

oordeel van die wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie. Aanvanklik klink dit

dalk reg. Om te hoor, God gee ons krag om te volhard, dit kan ons bely. As die Here ons nie

krag gee om staande te bly nie, sal niemand kan bly staan nie. Tog is hier 'n groot probleem

in wat ons gehoor het- die probleem is dit wat weer aan die mens opgedra word. Die mens

wat sy plig moet doen en veral as ons die tweede deel wéér mooi na luister, dan kan ons

hoegenaamd nie hiermee saamstem nie. Die Pelagiane sê verder dit hang van die ***oordeel van***

die wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie... Ons kan hoegenaamd nie

hiermee saamstem nie.

Trouens as u kyk na die verwerping van die dwalings by paragraaf 2 dan stel die Sinode van

Dordrecht hulle standpunt as volg: ***Hierdie mening is duidelik 'n Pelagiaanse dwaling.***

Terwyl dit die mense vry wil maak, maak dit van hulle kettters. Dit is ook in stryd met die

deurlopende getuienis van die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem ontnem en

die lof vir hierdie weldaad alleen aan die genade van God toeskryf. Dit is verder ook in

stryd met die uitspraak van die apostel: Dit is God wat ons ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here, Jesus Christus onberispelik te wees (1 Kor. 1:8).

Ons kan nie met die Arminiane/ Pelagiane saamstem nie, maar nou waar staan ons?! Dit gaan in vandag se paragrawe oor die werklikheid van ons lewe. Hoe lyk my lewe as gelowige? Ons skrik in wat 'n mens raaksien as jy na jouself kyk. Baie keer sal ons dalk onself met ander gelowiges wou vergelyk. Moontlik met van die bekende mense uit die Bybel. Dalk hoop ek dat ek 'n geloof soos Abraham kon hê. Of soos Paulus. Ons vergeet egter dat daar ook 'n ander kant van hierdie mense is. Noag was op 'n keer so dronk dat hy homself ontbloot het en so in skande geval het. Abraham word die vader van alle gelowiges genoem, maar by tye lyk hy eerder soos die vader van die kleingelowiges te wees. Moses het 'n moord begaan. Hy het ook verskillende kere gedoen wat God juis *nie* wou hê nie. En wie ken nie die geskiedenis van Dawid nie?!

Sonde bly 'n geweldige mag. Ware gelowiges val in groot sondes. Vir menseer- menseglorie is daar maar net geen plek nie. Hier is eintlik 'n baie interessante sin in die Dordtse Leerreëls – wat gaan van jou en my word as ons aan ons eie kragte oorgelaat word? Ons kragte wat eintlik klein is, ons sondige drifte wat so baie is, ons harte wat vol donkerheid is. Ja, o Here as u my sou moes verlaat wat gaan van my word?! Dit is 'n vraag wat aanhoudend vandag gehoor moet word...

Mense wil graag anders glo. In vandag se tye word ons rewolusionêr en ewolusionêr ná die mens gekyk. Rewolusionêr om met mag en krag te dink ek is in staat om alles te verander. Ek kan dinge met stakings en boikotte en met geweld en my vuiste regkry. Ewolusionêr is die mens wat glo ek is 'n beter ontwikkelde mens as die óú mense, ons voorgeslagte. Ons is darem modern. Omdat daar baie ontwikkeling was kan ons net beter mense wees. Van minder na meer, van goed na nou is ons net die beste.

Petrus het ook gedink ek is tot baie in staat. Ek sal vir Jesus kan beskerm- Hy klink net die man te wees as hy sê: *Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie.* Ag, dit was nie dae later nie, dit was maar enkele ure later, toe moet die man sý woorde een vir een sluk. Jesus het hom in alle geval gewaarsku- Jy van alle mense is die een wat my driemaal gaan verloën- die haan sal net een maal kraai, dan het jy dit klaar driemaal gedoen. Al waarsku die Here vir Petrus dan steek hy nog wéér sy bors uit- wat op die einde gedagtig aan

die haan maar 'n hoenderborsie was, want het Petrus wéér gesê: *Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die dissipels gesê.*

Daardie nag het vir Petrus, vir geen dissipel goed afgeloop nie. Nog vóór die werklike bystand moes kom, toe slaap hulle één vir één... Wat nou?! Ons kan nie anders as om hier te dink aan die gebed wat 'n mens elke dag moet bid nie. Die Here het ons geleer om te bid- ***Lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose...*** In Son.52 van die Kategismus dan hoor ons wat hierdie gebed eintlik om gaan- ons erken met die gebed: ***Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).***

Die Kategismus noem ons sondige natuur as laaste doodsvyand, die Dordtse Leerreëls noem die oorblyfsels van die inwonende sonde éérste! Jy begin by jouself en kom agter hier in my is 'n kuiergas. Ek het hom nie genooi nie, maar tog bly hy in my. Al wil ek dalk nie vriendelik wees met hierdie inwonende gas nie, die feit is hy het hom tuisgemaak. Hy is 'n werklikheid. Hy sit soos 'n verraaier hier in my hart. Die Dordtse Leerreëls noem ook die wêreld: ***die aanvalle van die wêreld...*** en dan noem die Dordtse Leerreëls die vors van die duisternis- Satan, die vader van die leuen, die mensemoordenaar van die begin af... al drie in gelid kom hulle as vyande na ons aan gemarsjeer... ja ek gebruik oorlogs taal, want wanneer ons hier praat is dit niks anders as 'n oorlog wat aan die gang is nie.

Baie keer kry ons hier baie seer, ons word gewond, ons roep om hulp, ons raak bang, ons kom in die skande. Daar is groot sondes waarin ons kan val. Die sonde bly 'n geweldige mag. Watter dankbaarheid moet daar in ons wees om dan vanuit paragraaf 4 te hoor dat God se mag waarin Hy ons as gelowiges bewaar is 'n groter mag as ons sondes. God se mag kan nie deur die sondige natuur oorwin word nie.

Tog beseft ons dat hierdie mag van God is nie ons reg wat ons kan opeis nie. Al die tyd wat ons in God se genade bewaar word beteken dit dat ons ook ons verantwoordelikheid moet beseft. Die mens wil dikwels God in sy genade teëstaan, so bedroef ons die Heilige Gees. Die waarskuwing van Christus geld ten alle tye dat *ons moet waak en bid dat ons nie in die*

versoeking kom nie; die gees is wel gewillig maar die vlees is swak (Matt.26:41). Daar is nie 'n oomblik van ons lewe waar ons buite gevaar verkeer nie. Enige oomblik kan ons deur die begeertes van die vlees verlei word.

Die basuine wat ons vanoggend reeds na verwys het moet blaas om ons aanhoudend te waarsku en bedagsaam te maak. Die apostel Petrus, hy wat weet wat hy praat, hoe swak was sy vlees die nag waarin hy Christus drie maal verloën het. Daarom begin hy sy eerste brief met hierdie waarskuwing. Hy waarsku die uitverkorenes volgens die voorkennis van God. Dit staan vas en seker. Al is ons uitverkore, al het God deur sy Gees ons geheilig, al is ons tot gehoorsaamheid deur die bloed van Christus besprinkel, steeds skryf Petrus net in die volgende hoofstuk- *1 Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpraterij...* en in vers 11 is die werklikheid van ons swakheid nog duideliker- *11 Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel...* Ja, dit is met ons presies soos Paulus in 1 Kor. 10:12 sê - *12 Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.*

Daarom wanneer ons paragrawe 3 en 4 saambring is dit duidelik dat God se Woord ken geen geloofshelde nie, wel geloofsgetuies. En geloofsgetuies is gewone mense wat deur God ingeskakel word om - ondanks hul eie sondes - tog getuies te wees van God se genade. Hulle was gewone gelowiges wat geworstel het met vele swakhede. Aan die ander kant is dit ook so as iemand hier nie sy nood besef nie, as iemand sou sê ek het geen aanvegtinge van satan nie, dan is dit glad geen goeie getuienis nie. Dit kan wees dat so 'n mens reeds so hard van hart is, sy gevoelens so verstok is dat hy nie weet dat hy teen die aanvegtinge moet stry nie. Dit voel vir hom soos geen aanvegtinge meer nie.

Paragraaf 3 stel dat die gelowige aanvegtinge sal beleef- Dit vra die vraag waarom blyk God se mag nie duideliker en kragtiger in my lewe nie? Waarom lei ek dan tog steeds weer neerlae in die stryd teen die sonde? Dan kom die vervolg- **Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle – deur hulle eie skuld – in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie.** God lei ons inderdaad op twee maniere. God kan ons lei ons nie in versoeking kom nie. Maar God kan ons ook so lei dat ons in situasies teregkom waarin die sonde sterk aan ons trek. In sy

wysheid doen God dit soms ook so, om ons op die proef te stel. En dan kan dit gebeur dat ons in sonde val. Die feit bly staan- ons moet verantwoordelikheid leer. God lei ons nooit die sonde in nie. Nooit nie! Dit is my eie skuld wanneer dit gebeur. Ek was nie waaksaam genoeg nie. Of ek het weer toegegee aan bepaalde verkeerde karaktereienskappe. Of ek het myself oorskat en gedink dat die sonde my nooit sou vang nie.

Die belydenis noem dat ons deur die begeerlikheid van die sondige natuur verlei word en dit navolg. Die artikel praat van *groot* en *gruwelike* sondes. As ons nie voortdurend waak en bid nie, kan ons deur ons sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Hierdie drie doodsvyande, ons sondige natuur, die wêreld en Satan hou nie op om ons aan te val nie.

'n Gelowige bly altyd swak, volkome afhanklik van God se genade. Daarom moet daar voortdurend gewaak en gebid word. Dis wat die Here Jesus uitdruklik vir sy dissipels gesê het. Hy vra van sy dissipels: *bly hier en waak saam met My*. Wanneer Hy sy dissipels aan die slaap vind, sê Hy: *Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie*. Ons wil ons so baie keer doen wat reg is, maar die vlees is swak. Daarom waak en bid. Wees oplettend vir die aanvalle van Satan wat soos 'n brullende leeu rondgaan op soek na prooi. Satan wat hom baie keer soos 'n lam voordoen is so gevaarlik. Wees bewus van u swak plekke.

Hoe dikwels gebeur dit nie dat as ons dink dat ons geestelik sterk is, die versoeking om die draai is nie? Hoekom word Dawid, 'n man na God se hart, tot sonde verlei, wanneer hy vanaf die dak van sy paleis vir Batseba sien bad? Hy vergeet om te bly waak en bid. Hy het reeds verskeie vroue. Maar niemand is so mooi soos *hierdie* vrou nie. Hy wil haar onmiddellik vir homself hê. Hy is mos koning! As Dawid voortdurend gewaak en gebid het, dan sou hy homself beheers het. Dieselfde geld vir Petrus, die rotsman van die kerk. Hy het nagelaat om te waak en te bid. Hy het gedink dat hyself sterk genoeg is teenoor die versoeking. Hoogmoed kom voor die val. Daarom, bly waak en bid dat jy nie in versoeking gelei word nie. Oorskat jouself nie. Onderskat nie die verleiding van die bose nie. Maar vertrou jouself toe aan die mag van God.

In paragraaf 5 word aan ons gewys dat wanneer ek sondig, sondig ek nooit alleen nie. Sonde het altyd maats wat dit saambring, sonde het ernstige gevolge. Paragraaf 5 gee vir ons 'n opsomming van die gevolge- **Met sulke growwe sondes vertoorn jy God vreeslik, verdien**

jy die dood, bedroef jy die Heilige Gees, versteur jy die oefening in die geloof, verwond jy die gewete ernstig en verloor jy soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dis duidelik dat 'n gelowige se verhouding met God versteur kan word. Dawid en Petrus het dit albei geweet en gevoel. Lees maar Ps 32. Daar bely Dawid in alle eerlikheid hoe erg dit is wanneer daar sondes tussen God en jouself kom. As kind van God sondig jy nie goedkoop nie. Dit het ernstige gevolge. Die sonde het die dood van God se Seun gekos. Daarom kan God nie maak asof die sondes van sy kinders niks is nie.


Sondes versteur ook die daaglikse geloofslewe. Ja, die geloof is nog daar, maar dit word onaktief. Die gebedslewe verskraal. Dis asof daar geen kontak meer is nie. Die kerkgang word 'n sleur of 'n las. Die lees van die Bybel en die prediking raak jou nie. Dis dorre tye in die geloofslewe. Donker tye. Die gewete word verteer deur wroeging. Die geestelike rus verdwyn.

Die gelowige kan selfs 'n tyd lank die besef van die genade verloor. Nee, God se genade self verdwyn nie definitief uit die lewe van God se kinders nie. Maar wanneer jy in sonde bly lewe dan verloor jy die gevoel, die besef van die genade. Kyk na Dawid se wroeging in Ps 32: *Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed.* Dawid was neergedruk totdat hy sy sonde voor God bely het. Toe kon hy weer God se seën ervaar. So vervolg Dawid in Ps 32: *My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe.* (vers 5). Daar is 'n pad terug. Elke ware gelowige sal terugkeer. Wanneer Jesus vir Petrus sê die duiwel het vurig begeer om julle soos koring te sif dan besef ons, wat hierdie sif beteken. Dit kan hard geskud word. Ons kan rondgeskud word, die gelowige kan rondval en hard val, maar die troos vir die uitverkorene dat hy/sy al val hulle hoe hard, dat hulle kan nie uitval nie. Danksy God se mag en trou.

Wanneer ek sondig moet daar opregte berou wees. Langs die pad van opregte berou en bekering word die verhouding met God weer herstel. God is 'n God van toorn wat ons in ons sonde straf, maar Hy is ook 'n God van liefde. Daarom moet ons God in sy liefde nie vertoorn nie. Ons moet God se toorn reg verstaan. Die Here vertoorn hom nie as 'n strenge regter nie, maar as 'n liefhebbende Vader, wat deur die growwe sonde van sy kind diep beledig is. Dit dring 'n mens tot selfondersoek. Is daar by my 'n sonde wat my verhouding

met God versteur? Hoe wonderlik om dan in berou die laaste sin van par 5 te bely- **God wat weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hulle laat skyn wanneer hulle deur opregte berou op die regte pad terugkeer.**

AMEN



Paragraaf 4

Die mag van God is so groot dat dit nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie

Die mag waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bekragtig en bewaar

Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle deur hulle eie skuld:-

nie sou kon afwyk nie

Waarvan?

van die leiding van die genade

Wie?

in sommige besondere gevalle

nie verlei kan word nie

Waardeur?

deur die begeerlikhede van die sondige natuur

dit navolg nie

Wat?

die begeerlikhede van die sondige natuur

Daarom moet hulle voortdurend waak en bid om nie in versoekings gelei te word nie

As hulle dit nie doen nie kan hulle tot swaar en gruwelike sondes verlei word

Deur wie?

- hulle sondige natuur
- die wêreld
- die Satan

Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei

Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges wat vir ons in die Heilige Skrif beskryf is, bewys dit

Paragraaf 5

Met sulke growwe sondes:-

vertoorn hulle God vreeslik

verdien hulle die dood

bedroef hulle die Heilige Gees

versteur hulle die oefening in die geloof

verwond hulle die gewete baie ernstig

en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van genade

Dit gebeur totdat God weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hulle laat skyn wanneer hulle deur opregte berou op die regte pad terugkeer